

GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

Kleuter- en Laerskool

Cunninghamlaan 1182
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x1
e-posadres: gsdp@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.dirkpostma.co.za



Hoërskool

Dickensonlaan 1174
WAVERLEY, 0186
Telefoon: (012) 332-3222 x2
e-posadres: hsadmin@gsdp.org.za
Posadres:
Posbus 31120
TOTIUSDAL, 0134
Webwerf: www.dirkpostma.co.za

INFO: 15 NOVEMBER 2019

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

So staan ons aan die einde van die akademiese jaar - 'n jaar waar ons in dankbaarheid terugkyk, 'n jaar waar ons kon leer, speel en saamwees en dit tot eer van God, ons Hoeksteen.

Wat 'n voorreg om saam as Sy kinders te mag bou aan die toekoms van die leerlinge by die skool.

Graag gee ek 'n kort terugblik op die jaar 2019:

- **Akademies:** Ons kon ongestoord voortgaan en die kennis van elke leerling en onderwyser bou;
- **Sport:** Ons het aan verskeie sportsoorte deelgeneem en kon met die uitdagings van getalle en sportgronde, kompetierend wees, en ons talente uitleef;
- **Kultuur:** Ons het talentaande, ICO-Kunste fees, Dirkie dinge, drama en ook die nuwe kookkompetisie gehou;
- **Infrastruktuur:** Hieraan is baie aandag gegee - die stormwater, waaroor ons al drie jaar droom, is gefinaliseer, die hoërskoolgebou is herstel (krake verminder). Die nodige onderhoud is gedoen, sodat ons dit oppas wat die Here so mildelik aan ons toevertrou het.

Tegnologie: Daar heers groot opgewondenheid oor die nuwe tegnologie wat ons in 2020 in gebruik gaan neem. In die komende vakansie gaan ons tien klasse voorsien van "smart"-borde. Dit sal die onderwysers in sekere leerareas help en verseker dat hulle die lesse so goed as moontlik aanbied.

Baie dankie: Ons bedank GSDP-Bestuur vir hul onbaatsugtige werk en tyd wat hulle aan die skool afstaan. Hulle werk hard en beplan vir die toekoms. Wat 'n riem onder die hart om te weet dat hulle die belange van die skool na die beste van hulle vermoë bestuur.

Aan elke leerling, baie sterkte met jou laaste week van 2019 by die skool. Mag julle ook die ruskans geniet en volgende jaar weer die akademie aanpak met nuwe moed en energie.

Aan elke onderwyser, kantoortannie en werker: Baie dankie vir julle harde werk, lojaliteit en liefde vir die skool en sy leerlinge. Sonder julle kon ons nie die jaar gehad het wat ons beleef het onder die sorgende Hand van God nie. Julle word elkeen opreg deur die leerlinge, ouers en GSDP-Bestuur waardeer.

Skool sluit 2019:

- Hoërskool: Woensdag, 20 November
- Laerskool: Vrydag, 22 November
- Kleuterskool: Vrydag, 22 November

Rapporte 2019:

- Kleuterskool: Donderdag, 21 November
- Laerskool (gr 1 - gr 3): Vrydag, 22 November
- Laerskool (gr 4 - gr 7): Woensdag, 4 Desember
- Hoërskool: Woensdag, 4 Desember

Personeel:

- Mev Anshen Wyma het sedert die begin van die jaar as aflospersoneellid waargeneem in die plek van mev Hildegard van Heerden, wat met kraamverlof was. Daarna het sy waargeneem in die pos van mev Christine Venter, wat na Postmasburg verhuis het. Juffrou Anshen, baie dankie dat u bereid was om dit te doen. Dankie dat u die gr 2- en gr 3-leerlinge se kennis verbreed het. Ons het lief geword vir u, maar gun u nou die geleentheid van aftrede saam met u gesin en familie.
- Mej Nadine Bakker verlaat GSDP aan die einde van die jaar, omdat sy nou haar B.Ed-graad geslaag het (en nou 'n *regte* juffrou is). Sy was vir twee jaar aangestel as grondslagfase-assistent. Baie dankie vir die Lewensvaardighede wat u aangebied het. Ons is seker dat die grondslagfaseleerlinge u gaan mis. Juffrou Nadine, baie sterkte vir die toekoms en mag u, waar u ookal gaan onderrig, u lig laat skyn, sodat dit kan blyk dat u 'n kind van die Here is.
- Mev Judith du Toit (RTT gr 10 - gr 12) se permanente aanstelling is op die onlangse ledevergadering bekragtig. Welkom, Juffrou Judith!
- Mev Marietjie Breytenbach tree aan die einde van 2019 af. Mev Breytenbach, baie dankie vir u harde werk die afgelope jare en geniet die aftrede saam met u man.

Gespreksaande: Die skool bied DV in 2020 drie gespreksaande aan, wat sal handel oor "aktuele onderwerpe vir vandag se ouers". Ons kommunikeer die datums en meer besonderhede binnekort aan aan.

Geniet die laaste week van skool en die komende vakansie. As u op reis gaan, is ons bede dat die Here Sy Hand oor u sal hou, sodat elkeen met hernude krag in DV 2020 weer sal terugkeer.

Dirkie-groete

Mnr HJJ Visser
Skoolhoof

BEPLANNER: 15 NOVEMBER 2019 - 16 JANUARIE 2020

| NOVEMBER | | | |
|-----------------|--------|-----------------------------|--|
| Vr | 15 Nov | GSDP Laerskool | Info Gr 1-dag |
| Do | 21 Nov | DirkiesKoop Kleuterskool | Bestellings sluit Rapporte na leerling |
| Vr | 22 Nov | GSDP Laerskool | GSDP sluit Gr 1 - gr 3: Rapporte na leerlinge |
| Wo | 27 Nov | DirkiesKoop | Produkte haal |
| DESEMBER | | | |
| Wo | 4 Des | GSDP | Gr 4 - gr 11: Rapporte haal |
| JANUARIE | | | |
| Ma | 13 Jan | Hoërskool | Groentjekamp |
| Di | 14 Jan | Hoërskool | Groentjekamp |
| Wo | 15 Jan | GSDP | GSDP open |
| Do | 16 Jan | Laerskool | Gr 7: Leierskapkursus |

ALGEMEEN

VERJAARSDAE

Hartlik geluk aan die personeel wat binnekort en in die komende skoolvakansie verjaar. Mag julle geliefdes julle bederf en ons bedede is dat die Here julle nog baie geseënde jare sal skenk:

26 November: Mej Nadine Bakker
3 Desember: Mev Petra van Heerden
7 Desember: Mej Carli Buys
17 Desember: Mev Carike Smit
19 Desember: Mev Madelein Agema
27 Desember: Mev Ingrid Snyman

GSDP-BESTUUR

GSDP-Bestuur is tans besig met die strategiese beplanning. Die vraelyste wat u vroeër in die jaar voltooi het, is reeds verwerk en 'n samevattende voorstel is voorgelê. GSDP-Bestuur vergader op Woensdag, 20 November om laasgenoemde te fynkam en aksies in plek te stel. Ons sal die verwikkelinge en implementering aan u kommunikeer, sodra dit beskikbaar is.

GSDP-HERVORMINGSPROGRAM

Op 20 November om 07:40 bied die hoërskool die hervormingsprogram in die kerkgebou van die Gereformeerde Kerk Die Kandelaar aan. U is welkom om dit by te woon.

Die leerlinge sal na die program eksamen skryf.

Die laerskoolleerlinge sal tot 12:00 by die skool bly om eksamen te skryf.

Die hoërskoolleerlinge mag, nadat hulle eksamen geskryf het, huis toe gaan - ongeveer 11:00.

HOËRSKOOL

SELFONE

Ons doen weer 'n beroep op ouers: Onthou selfone mag, volgens ons skoolreëls nie tydens skoolure gebruik word nie. 'n Leerling mag nie 'n selfoon tydens die eksamen by hom / haar hê nie. Die selfoon moet tydens die eksamen in 'n tas voor in die klas, afgeskakel wees. Ons bedank u by voorbaat vir u samewerking.

AKADEMIE

Gr 12-eindeksamen: Die matrikulante is tans besig met hul eindeksamen. Baie sterkte aan julle, asook jul ouers.

Gr 8- tot gr 11-eksamen: Alle leerlinge is reeds besig met die laaste eksamen vir 2019. Indien 'n leerling afwesig is, is die leerling verplig om 'n doktersbrief in te handig. Versuim hiervan beteken dat die leerling geen punte vir die vak sal ontvang nie.

Hulp: Indien 'n leerling hulp in 'n spesifieke leerarea benodig, moet hy / sy asseblief die vrymoedigheid neem om die onderwyser te nader. Daar is nou nog geleentheid om dit te doen, voordat hy / sy die betrokke vak skryf.

Handboeke - gr 8- tot gr 12-leerlinge: Die hoërskoolleerlinge handig alle handboeke in op die dag wanneer hy / sy die laaste vraestel van die betrokke vak skryf. Handig die handboeke by die betrokke VAKonderwyser in en nie by die kantoor / mnr Jaco Pretorius nie. Maak seker dat die vakonderwyser die handboek teen jou naam afmerk.

Gr 8 - gr 11: Alle handboeke moet teen Woensdag, 20 November inhandig wees.

Gr 12: Alle handboeke moet teen Vrydag, 22 November ingehandig wees.

Hoërskool sluit: Die hoërskool sluit vir die leerlinge op Woensdag, 20 November.

Rapporte: Volgens die departement se skedules, ontvang die hoërskoolleerlinge op Woensdag, 4 Desember tussen 08:00 - 09:00 hul rapporte.

ALGEMEEN

Ons kan met vreugde noem dat daar 'n paar dinge by die hoërskool gebeur:

- Ons kry 'n nuwe stoorplek vir die handboeke;
- Daar kom palissades op by die hoërskool om veiligheid te verbeter
- "Sipres" word verdeel in nuwe klasse en van die klasse word uitgeverf;
- Die personeelkamer het nuwe stoele gekry;
- Ons installeer binnekort interaktiewe witborde in vyf klasse.

SPORT

Atletiek: Tans vind net die atletiekoefeninge op Dinsdae en Donderdae plaas, soos met die leerlinge gereël.

Huissport: GSDP se jaarlikse huissport vind plaas op Saterdag, 18 Januarie 2020. Ons gaan vir hierdie byeenkoms heelwat ouers as beamptes benodig. Indien u behulpsaam kan wees, kontak asseblief die hoërskoolkantoor met die spesifieke plek waar u sou wou help. U ontvang binnekort meer inligting.

LAERSKOOI

SKRYFBEHOEFTE

Gr 1 - gr 3: Skryfbehoeftepakette: Ons herinner u daaraan dat u asseblief die skryfbehoeftepakette vir 2020 via DirkiesKoop moet bestel. Moet asseblief nie wag tot Januarie 2020 nie, want dan gaan u kind die eerste paar dae sonder skryfbehoeftes wees. Baie dankie aan die 82 ouers wat reeds die pakette bestel het.

AKADEMIE

Eksamen (gr 4 - gr 7): Die gr 4- tot gr 7-leerlinge is reeds besig met hul laaste eksamen vir 2019. Sterkte vir die laaste paar vraestelle.

Toesig: 25 tot 28 November & 2 en 3 Desember: Die laerskoolleerlinge is nie verplig om op genoemde dae skool toe te kom nie. Geen akademie vind plaas nie. Elke laerskoolleerling het 'n skrywe ontvang ten opsigte van die toesig. Voltooi dit asseblief en stuur teen Dinsdag, 19 November terug na u kind se registeronderwyser. Die personeel hou daagliks vanaf 07:40 tot 13:30 toesig oor die laerskoolleerlinge wie se ouers dit versoek het.

Laerskool - sluit: Die laerskool sluit vir die leerlinge op Vrydag, 22 November om 11:00.

Rapporte: Die gr 4 - gr 7-leerlinge ontvang hul rapporte op Woensdag, 4 Desember tussen 08:00 en 09:00.

► Indien u nie u kind se rapport kan afhaal nie, stuur asseblief 'n geadresseerde kovert na u kind se registeronderwyser, sodat ons die rapport na die adres kan pos. Indien niemand die rapport afhaal nie, sal u dit eers op die eerste skooldag van 2020 kan ontvang.

ATLETIEK

Ons wil graag met die atletiekoefening vir 2020 se seisoen begin. Ons poog om die leerlinge positief te maak hiervoor. Vanaf 25 - 29 November, wanneer die akademiese klaswerk en die eksamen verby is, gaan ons as volg in die middag oefen:

| datum | tyd | sportsoort | plek |
|---|---------------|---|----------------------------|
| Maandag (25 November) Dinsdag (26 November) Woensdag (27 November) Donderdag (28 November) | 15:00 - 17:00 | gewigstoot hoogspring turbospies verspring | GSDP - Laerskoolterrein |
| Vrydag (29 November) | 15:00 - 17:00 | naellope | Potgieterpark, Rietfontein |

KLEUTERSKOOI

GRADEPLEGTIGHEID

Baie dankie aan almal wat 'n bydrae gehad het tot die suksesvolle gradeplegtigheid.

Dit was voorwaar van begin tot einde 'n vreugdevolle aand - 'n aand vir die kleuters, deur die kleuters.

WATERPRET-DAG

Die kleuters het die dag baie geniet. Baie dankie aan elkeen wat hieraan deel gehad het.

GR 1-DAG

GSDP se jaarlikse gr 1-dag, vind plaas op Vrydag, 15 November 2019 vanaf 10:00 tot 12:00. Op hierdie dag gaan die Gr R-kleuters in die gr 1-klasse kuier.
